**<u>VOORBEELD:</u>** Beskrywende opstel (Descriptive essay)

- <u>Jou opstel moet:</u>
    - ‘n titel (title) hê,
    - 4 paragrawe (paragraphs) hê,
    - uit 100-120 woorde bestaan, en
    - gebruik baie beskrywende (descriptive) woorde.



## <u>‘n Familie dag</u>

Eendag was daar ‘n **pragtige** familie. Hulle was Mamma, Pappa, Boetie en Sussie. Hulle was ‘n **gelukkige** familie en het alles saam gedoen. Op ‘n dag besluit hierdie **liefdevolle** familie om ‘n piekniek in die **groen** park te hou. Hulle neem **heerlike** kos saam soos pizza, broodjies, koeldrank en lekkernye.

Sussie was **vreeslik** lief vir haar **bruin** teddiebeer. Sy naam was Basjan. Basjan het ook saam na die piekniek gegaan. Die familie het **heerlik** gesmul aan hul kos, toe ‘n **aardige** ding gebeur.

Uit die bos, hardloop daar ‘n **groot** bobbejaan op hulle af. Pappa probeer nog keer, maar niks help nie. Die **aaklige** bobbejaan steel vir Basjan en hardloop met hom weg. Sussie is **baie** onsteld en huil **onophoudelik**. Pappa en Mamma sit die bobbejaan agterna en Pappa duik op hom af. Hy gryp vir Basjan uit die bobbejaan se kloue. Sussie is so bly.

Die familie pak toe net daar op om huis toe te gaan. Hulle was **so bly** niemand het seer gekry nie, behalwe Basjan wat ‘n oor verloor het. Dit is ‘n dag wat hulle **nooit** sal vergeet nie.